

Vir jou klagte is God jou enigste hoop

Elke gelowige kan daarvan getuig dat die lewe ons in baie opsigte benoud maak. Dit kan wees weens siekte, armoede of watter vorm van swaarkry ook al. In baie gevalle is die swaarkry nie die gevolg van een bepaalde sonde nie, maar die gevolg van ons mense se algemene sondigheid. Die mens se lewe is immers van die sondeval af aan die vergaan. Nou kan jy een van twee dinge doen in jou swaarkry: Jy kan alles binnehou en self probeer verwerk, maar daardeur die gevaar loop om bedruk te word en in depressie te verval; of jy kan jou swaarkry by God gaan bekla.

Aanvanklik wou Dawid ook alles binnehou. Hy wou niks oor sy swaarkry sê nie, want hy was bang om God se Naam oneer aan te doen voor die goddelose mense. Op die ou einde kon hy dit nie langer uithou nie. Van al die stilbly het sy smart oor die swaarkry soos 'n vuur in hom gebrand.

Daarom het hy sy klagte voor God uitgestort. Die sondigheid van die mens maak hom onseker. Sy lewensduur is byna niks – soos 'n ou asempie wind. Maar dan, gelei deur die Heilige Gees, kom hy by vastigheid uit: God is sy enigste hoop. Net God kan hom red van sy teëstanders en van sy sonde. Net God kan hom beskerm van spotters deur te keer dat hy nie tot 'n val kom nie. Net God kan die las verlig en die krag herstel.

In ons swaarkry bly God steeds ons enigste hoop. In die Naam van Jesus Christus mag ons ook ons klagte voor Hom uitstort. Al is ons lewe maar 'n asempie, het Christus ons met sy bloed gekoop sodat ons met vrymoedigheid met ons klagtes tot God ons Vader kan nader.

Sing: Psalm 39:1,5

Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)